VAN TOESKOUERS TOT DEELNEMERS

Die ideaal vir enige gemeentes is sekerlik dat elke lidmaat aktief betrokke sal wees. Ongelukkig is die persepsie in baie gemeentes nog dat ‘n aktiewe lidmaat iemand is wat die eredienste bywoon en die kerk finansieel steun. God het veel groter verwagtings van elke christen. God vra dat ons, ons gawes vir diens beskikbaar sal stel. Indien die geweldige lidmaatpotensiaal wat nog onderbenut in baie gemeentes is, ontsluit kan word, sal die kerk en Christendom letterlik ontplof en uit sy nate bars.

Vlg Mark 10: 45 het die Seun van die mens nie gekom om gedien te word nie maar om te dien.
Lidmate wat hulle roeping ernstig neem ,besef dat hulle nie bedien moet word nie,maar moet dien. Elke christen word geroep om ‘n dienaar te wees. Lidmate moet die wêreld se nood raaksien, leer omgee, en hulle gawes gebruik om hoop te bring en ‘n verskil in ander se lewens te maak. Die vrug van die Gees moet sigbaar word in elke lidmaat

Tradisioneel was dit die taak van predikante en die kerkraad en hierdeur het baie lidmate verleer om hulle gawes te gebruik. Toerusting is dus nodig om opnuut die vaardighede wat lidmate verloor het, aan te kweek en in te oefen. Onbenutte talente verroes en jy verloor die gawe.

Vernuwing moet binne ‘n proses bestuur word en die leierskap moet ‘n duidelike proses aanvaar waarvolgens gemeente- of bedieningvernuwing gaan plaasvind. Dit is nie slegs ‘n kursus wat aangebied word nie,maar ‘n voordurende proses waarbinne die hele gemeente saam opweg is.

Alhoewel baie gemeentes dit besef, sukkel hulle soms om die praktiese aanpassing te maak. Die keuse van strukture en modelle moet die unieke behoeftes van die gemeente in ag neem.
Volgens Warren kan die volgende riglyne moontlik help:

- Maak seker dat die gemeente ‘n duidelike doelwit of visie het! Kommunikeer dit herhaaldelik aan die gemeente.
- Elke lidmaat moet weet waar hy binne die liggaam inpas asook watter bydrae sy gawe tot die bereiking van die visie maak
- Maak seker dat daar ‘n ruimte/bediening binne die gemeente is, waar lidmate hulle gawes kan uitleef.
- Die predikant moet as afrigter(coach) die geestelike gewoontes/ dissplines en vaardighede van lidmate inoefen - Almal is op die veld en niemand sit en kritiseer vanaf die pawiljoen nie. Die predikant is dus voltyds besig met opleiding en toerusting , sodat lidmate toegerus is vir diens.(Ef 4:12)
- Lidmate moet begelei word om hulle gawes en passie te ontdek. Indien lidmate aangewend word waar hulle passie is, en nie slegs waar vakatures is nie,sal daar baie minder onbetrokke lidmate wees.
- Strukture van kerkrade moet lidmaatdeelname aanmoedig en dit nie moeilik maak om jou gawes te kom aanbied nie Lidmate is net so kreatief as wat die struktuur hulle toelaat !!!
- Daar behoort ook ruimte te wees vir die ontwikkeling van spontane gawegroepe. Dit kan getoets word aan die hand van die kerk se leerstellings sowel as die gemeente se waardes en visie.
- Lidmate moet weet dat hulle saam as een liggaam funksioneer en interafhanklik van mekaar is. Ons werk saam as ‘n span om die visie na te streef
- Die bestuur van gemeentes behoort al minder mense te betrek sodat al meer lidmate by bedienings betrokke kan raak. ‘n Lidmaat met ‘n visie vir ‘n bediening moet nie in vergaderings en bestuur verval wat sy/haar entoesiasme en geesdrif sal demp nie.

Gemeentes wat ruimte vir lidmaatbemagtiging skep, sal ongekende nuwe energie en kreatiwiteit losmaak. Bemagtigde lidmate sal selfgemotiveerd hulle potensiaal en gawes gebruik tot eer van God!!!